

Ekonomiese oorsig vir besluitneming in die sakewêreld

FEBRUARIE 2021



SAKELIGA

SELFSTANDIGE SAKEGEMEENSKAP

Bestuursopsomming

- **Die risiko waaroor ons in November met betrekking tot grendelstydinginperkings gewaarsku het, is ongelukkig in Desember en Januarie verwesenlik, wêreldwyd sowel as plaaslik.** Die wêreldwye ekonomiese inperkings het produksie- en handelsbedrywighede opnuut ontwig. Tesame met plaaslike inperkingsmaatreëls vir die toerisme-, restaurant-, ontspannings- en alkoholbedryf het buitelandse inperkingsmaatreëls gemaak dat die plaaslike herstellopie van 2020 se tweede helfte vroeg in 2021 tot stilstand gekom het.
- **Ekonomiese aktiwiteit het wel aansienlik verbeter sedert K2 2020, toe die streng inperking meer as 2 miljoen mense hul werk gekos het.** Die verslapping van inperkingmaatreëls vroeg in Februarie 2021 en die noordelike halfronde se wintermaande wat einde se kant toe gaan, behoort ook te sorg dat saketoestande begin verbeter.
- **Groot ekonomiese skade en ontwigting is egter die afgelope jaar aangerig** en dit sal langdurige ekonomiese ontbering, hertoedeling van hulpbronne en die herstel van spaargeld verg om dit te oorkom.

Oorwegings vir korporatiewe strategie

SA inperking:

Inperkingsmaatreëls is in Februarie verslap, maar die risiko van hernude maatreëls sal tot diep in 2021 voortduur. Ons raad is om verbeterde handelstoestande in Feb-Junie 2021 te benut om buffers op te bou en defensief te bly – pak slegs geleenthede aan wat redelik teen hernude inperkingsmaatreëls bestand sal wees.

Rand:

Soos ons in November 2020 gesê het, moenie te negatief oor die rand wees nie. Die geldeenheid is sterk vanweë druk op die dollar en die SARB se taamlik goeie bestuur van monetêre beleid. Ons beskou R14.50/R15.00 as billike waarde vir die rand/dollar-wisselkoers.

Rentekoerse:

Verwag voorlopig dat rentekoerse laag en taamlik bestendig sal bly.

Inflasie:

Amptelik lyk inflasie na 'n lae risiko, maar bewyse bou op van prysdruk in voorsieningskettings. Bly waaksaam en oorweeg dit om voorraad in die hande te kry voor 'n volgende ronde prysverhogings.

Bateonteiening:


Die wetsontwerp op onteiening bly onder die burgerlike samelewing se vergrootglas. Sakeliga sal sy lede ingelig hou.

Geleenthede:

Inperkingsmaatreëls kan goed moontlik tussen Februarie en Junie 2021 wêreldwyd en plaaslik opgehef word. Die handelsgeleentheid moet ten volle benut word. Die veerkragtigheid van die hulpbrons sektor hou waarskynlik ook vir SA mynbou en logistiek voordele in. Suid-Afrikaanse kleinhandelsdienste en finansiële dienste kan veerkragtiger wees as wat verwag is gegewe lae rentekoerse, 'n herstel in indiensneming en die hoër besparings van huishoudings in sekere inkomstegroepeerings.


Ekonomie- en sakepaneelbord vir Suid-Afrika Februarie 2021

Hoe maklik/moeilik is SA se handelstoestande?




Saketoestande het teen die einde van 2020 baie makliker geraak as in K3, maar ekonomiese en sosiale inperkings in Januarie het opnuut 'n verlang-saming en kommersiële haakplekke gebring. Die opheffing van sommige inperkingsmaatreëls maak dit weer vir bedrywighede moontlik om te verbeter.

Is prysinflasie hoog of laag?




Inflasierisiko's het in onlangse maande effens vererger, want besteding het herstel te midde van voortslepende probleme in voorsiening, logistiek en aflewering.

Is dit maklik/moeilik vir verbruikers en ondernemings om krediet te kry?




Namate saketoestande verbeter en arbeidsmarkte begin herstel, het ook kredietmarkte vroeg in 2021 effens ont-dooi, wat lenings 'n bietjie makliker maak.

Bedingingsmag in arbeidsektor




Met indiensneming wat herstel, het die mag om lone te beding effens uit maatskappye se hande verskuif, maar in geheel bly die arbeidsmark swak.

Onder hoeveel finansiële druk verkeer die regering?



Fiskale stres bly groot. Belastingin-komste herstel klaarblyklik noudat ekonomiese bedrywighede hervat, wat die fiskale druk waarskynlik in 'n mate sal begin verlig in 2021.

Is die rand sterk of swak?



Die rand is op huidige vlakke billik gewaardeer, nie oorgewaardeer óf ondergewaardeer nie. Dit beteken daar is geen ooglopende waardegeleentheid vir uitvoerders of invoerders nie.


Suid-Afrikaanse ekonomie saamgevat

HOOFSAAK


Saketoestande het in K4 verbeter voordat dit in Desember en Januarie weens hernude inperkingsmaatreëls weer verswak het. Kredietmarkte het effens ontthooi, maar die vraag na motorvoertuie bly swak. Covid-sterftes neem af.




Suid-Afrika se **Saamgestelde Indeks van Aktiwiteite op 'n jaargrondslag** (CAI) kombineer verskeie sleutel-aktiwiteitsaanwysers vir SA. Dit lyk of herstel in Desember getaan het. Dit het waarskynlik tot in Januarie voortgeduur, want sommige inperkingsmaatreëls is weer ingestel. Die inperking het 'n tol geëis op besparings en voorsieningskettingintegriteit, albei kernbelangrik om produktiwiteit te verseker. **Vir talle maatskappye en huishoudings neem bykomende inperkingsmaatreëls nou teen die agtergrond van uitgeputte reserwes plaas. Met die effense verslapping van inperkingsmaatreëls in Februarie kan saamgestelde aktiwiteit in K1 stabiliseer.**



Die grafiek hiernaas toon **inkomste uit persoonlike inkomstebelasting** (PIT) volgens data van die nasionale tesourie. PIT het einde 2020 se kant toe indrukwekkend herstel namate inkomstes tot hul vlakke van laat 2019 herstel het. In Desember het persoonlike en voorlopige belastinginkomste tot op pre-Covid-vlakke herstel. Dié data sal verligting bring vir die SAID en nasionale tesourie, wat desperaat is vir inkomste om nypende tekorte te help toestop. **Met plaaslike en internasionale inperkings en verlangsamende herstel in Desember en Januarie as gegewe, kan mens egter verwag dat belastingontvangste sal sukkel om aan te hou styg en moontlik weer sal afneem.**



Volume groei in **passasiersmotorverkope** het stoom verloor in Desember en Januarie, en bly op ongeveer 85% van volumes voor Covid. Huurvloot-aankope het waarskynlik onder druk gekom weens nuwe Covid-bepelkings op toerisme. Die gesondheid van huishoudelike krediet het verbeter danksy indiensneming en inkomste wat herstel, uiters lae rentekoerse, groter finansiële omsigtigheid, en kredietverskaffers wat versigtiger uitleen en lenings herstruktureer. **Meer mense beweeg egter minder rond as voor Covid, wat die vraag na nuwe motors sal beïnvloed.**




Covid-sterftes het vroeg in Desember begin styg weens 'n tweede golf infeksies en komplikasies van die siekte. Regeringsdata wys dié ongewone somergolf was omvangryker as die eerste golf in die winter van 2020. Aangemelde sterftes weens SARS-CoV2-infeksies daal nou, gevolglik is inperkingsmaatreëls vroeg in Februarie verslap. **Regeringsamptenare bly versigtig en kan inperkings weer instel as dit sou lyk of dinge vererger. In die lig van gebeure die afgelope jaar duur die risiko van bykomende inperkingsmaatreëls in die winter van 2021 voort.**


Wêreld ekonomie saamgevat

HOOFSAAK


Herstellopies ná ineenstortings in mid-2020 het in K4 2020 en vroeg in 2021 doodgeloop toe inperkings opnuut ingestel is. Inflasierisiko's bou op en die dollar verkeer matig onder druk. China lyk veerkragtig.



Die herstel in die **Amerikaanse weeklikse ekonomiese indeks (WEI)** het die afgelope weke vasgesteek en dui op voortslepende ekonomiese swaarkry terwyl inperkings in groot dele van Amerika in wisselende mate voortduur. Aandelemarkte skiet die hoogte in weens uiters toeskietlike monetêre beleid, maar die onderliggende reële ekonomiese toestande bly vir miljoene 'n uitdaging. Teen einde 2020 was sowat 12 miljoen Amerikaners, wat sonder die ernstige inperkingsmaatreëls werk sou gehad het, steeds werkloos. **Toestande is uiters ongelyk, met party sektore wat vinnig groei en ander nie – 'n enorme skeeftrekking weens die druk van geld.**



Geldvoorraadgroei in dollar het ongekende hoogtes bereik, buiten-sporige spekulering op die aandelemark aangevuur en kommer oor inflasie aangewakker. Die druk van geld het druk op die dollar geplaas en is een rede vir die sterk rand. Ons meen dié monetêre beleidsoptrede het 'n nuwe hoog-laag-konjunktursiklus aan die gang gesit wat sowel wesenlike geldmaakgeleenthede as 'n groot gevaar van beleggingsfoute en verliese inhou. **Ons meen ook steeds dit wakker inflasierisiko's in Amerika aan en is skadelik vir reële produktiwiteit op lange duur.**



Chinese **motorverkope** lyk of dit op pre-Covid-vlakke bestendig het, aanduidend van vraagsterkte in die geheel namate kredietskepping deur banke en die skadubankwese in China toeneem. Die Chinese yuan bly sterk in die teenwoordigheid van dollarswakte en omdat China baie minder aggressief geld druk as Amerika. Eiendomstransaksies in groot stedelike gebiede neem ook sterk toe. Nywerheidsproduksiesyfers is in die algemeen aan die verbeter, maar kry steeds die wind van voor weens 'n swakker vloei van internasionale handelstransaksies. Elektrisiteitsproduksie neem sterk toe. **Alles in ag genome het China dit tot dusver reggekry om die res van die wêreld se ergste ekonomiese probleme vry te spring.**



Ons **wêreldindeks van inperkingsvrees** het gestyg sedert Oktober, toe Covid-vrees opnuut posgevat en tot in 2021 vererger het. Dié wêreld-wye inperkings oor groot ekonomieë heen, asook streng reisbeperkings lê toerisme, handel en oorgrens-sakebedrywighede aan bande en knou plaaslike ekonomieë. Die aanvanklike sterk herstel ná K2 2020 se streng inperkings het byna oral ter wêreld beslis stoom verloor, wat Suid-Afrika se herstel beïnvloed. **Namate dit somer word in die noordelike halfgrond sal inperkings wêreldwyd waarskynlik effens skietgee.**

Suid-Afrika: Telkaart vir Presidensiële Beleid

Huidige telling: 30/100

Die Suid-Afrikaanse regering stel teenstrydige beleidstandpunte ten toon, wat sakelui laat wonder of die administrasie die las van staatsbeheer en regulering op die ekonomie gaan verlig, of nie. Die beloofde hervorming vorder klaarblyklik traag, hetsy weens 'n onvermoë of 'n onwilligheid om te hervorm, of albei.


Teen hierdie verwarrende en teenstrydige beleidsagtergrond is dit veral belangrik om te bepaal hoe bestaande de facto-beleid meetbare makro-ekonomiese aanwysers beïnvloed. **Só hoop ons om met 'n telkaart die administrasie se vordering met beleid na te volg wat betref die uitwerking wat dit in die werklikheid het, eerder as die uitwerking wat dit veronderstel of belowe is om te hê.**

Ons telkaart bevat 10 faktore wat elk 'n punt uit 10 kry om 'n telling uit 100 te gee. Ons wys 'n onaangepaste en sakesiklusaangepaste indeks (ons gebruik die ETM-sakesiklusaanwyser). Die aangepaste indeks verminder die effek van 'n opbloeit of afswaai in 'n sakesiklus.

Die 10 faktore:

- ETM se saamgestelde arbeidsmarkindeks (Stats SA, BEO, SACCI)
- Die rand teenoor 'n mandjie ontluikendemarkgeldeenhede se wisselkoerse (Macrobond)
- Suid-Afrikaanse effekteopbrengste vergeleke met buitelandse effekteopbrengste (Macrobond)
- Peiling oor politieke beperkinge op die sakewêreld (BEO)
- ETM-indeks van SA Fiskale Stres (Stats SA, Nasionale Tesourie)
- Vertroue rakende vaste investering in vervaardiging (BEO)
- SA teenoor ontluikende markte se prestasie van klein- en middelkapitalisasie-aandele (MSCI)
- Energieproduksie (Stats SA)
- Netto private investering/verbruiksverhouding (SARB, Stats SA)
- Netto internasionale beleggingsposisie/BBP-verhouding (SARB, Stats SA)

Sakeliga-ETM Telkaart vir Presidensiële Beleid



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga



VERSLAG SAAMGESTEL DEUR:

Russell Lamberti (Hoof - ETM Macro Advisors) & Gerhard van Onselen (Senior Ontleder - Sakeliga)